

Ferdinand Postma - Biblioteek



Sleutels tot
die verlede,
poorte na die
toekoms

1869
tot
2018

FERDINAND POSTMA- BIBLIOTHEEK

Sleutels tot die verlede, poorte na die toekoms

2018
Noordwes-Universiteit
Biblioteek- en Inligtingsdiens

Erkennings

Nadat die konseptuele fase van die daarstelling van hierdie werk deur die Potchefstroomse Biblioteekbestuurskomitee aanvaar is, is Retha Badenhorst, Takbibliotekaris vir Musiek, getaak om die aanvanklike navorsingswerk te doen op grond van soortgelyke projekte by ander universiteite. Op grond van haar bevindings het die projek vinnig na die ontwikkelingsfase gevorder. Haar bydrae word besonderlik waardeer. Verskeie persone is oor die projek geraadpleeg. Die name van prof Casper Lessing, mnr Paul Buys en me Hester Spoelstra, en die bydraes wat hulle gemaak het, moet besonderlik vermeld word. Veral prof Lessing se ensiklopediese kennis oor 'n geskiedenis waaraan hy so 'n groot aandeel gehad het, was onskatbaar. Dankie aan Louise Vos vir voorsiening van fotomateriaal en vir die koördinerende druk van die boek, asook vir Helet Swanepoel vir die skakeling en om te sorg dat nodige argief-inligting aan die skrywer verskaf word. 'n Spesiale dank aan mnr Musa Zanempi, handelsmerkspesialis van NWU Korporatiewe Verhoudinge en Bemaking, vir sy ondersteuning om die waarde van die publikasie te verhoog.

Gewaardeerde dank aan prof Susan Visser, Bestuurder: Akademiese Toelaes in die kantoor van die Adjunk-Visekanselier: Onderrig en Leer vir haar leierskap en ondersteuning terwyl sy die posisie van Viserektor: Navorsing en Innovasie op die Potchefstroomkampus beklee het.

Dit verskaf groot genoeg dat die werk voltooi is en dat almal nou die lees daarvan kan geniet.

Outeur: Tom Larney

Bydraers: Neli Kaunda en Elsa Esterhuizen

Geredigeer deur: Corrie Breitenbach, Jubrie Oosthuizen en Louise Vos

Ontwerper deur Jako Kühne

Gedruk deur IvyLine, Potchefstroom

ISBN 978-1-86822-694-8

Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika gestig; eerste biblioteek

1869

1905

Teologiese Skool verskuif na Potchefstroom

Biblioteek verskuif na huidige kampus

1923

1931

Biblioteek in Hoofgebou gehuisves

Henri van Rooy aangestel as voltydse bibliotekaris

1947

1949

Biblioteek deur brand verwoes

PU vir CHO word onafhanklik

1951

1952

Nuwe Ferdinand Postma-Biblioteekgebou voltooi

Departement Biblioteekkunde daargestel

1956

Eerste gebruik en ontginning van elektroniese bibliografiese rekords

1975 -

1972 - 1974

Grootse uitbreiding van Biblioteekgebou

Eerste gebruik van elektroniese indekserings-databasisse

1981

1976

Casper Lessing word Direkteur Biblioteekdienste

Goue jare van CD-ROM in die verskaffing van 'n verskeidenheid databasisse

1986 -

1983

Eerste rekenaaratige geïntegreerde biblioteekstelsel

Grootse herinrigting van biblioteekruimtes neem 'n aanvang

2011 -

2001

Tom Larney volg Lessing op

Neli Kaunda volg Esterhuizen op

2016

2012

Elsa Esterhuizen word Direkteur Biblioteekdienste

2017

Nuwe bestuurstruktuur vir NWU-biblioteke geïmplementeer



Voorwoord

Ons vier die hoeksteen van kennis – die Ferdinand Postma-biblioteek.

Die Ferdinand Postma-biblioteek op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit vier vanjaar sy sewe-en-sestigste bestaansjaar. Die hoeksteen van die huidige biblioteekgebou is gelê op Saterdag 17 Maart 1951, terwyl die biblioteek op daardie stadium nog in die Ou Hoofgebou geleë was. Hierdie nuwe gebou met al sy uitbreidings en aanbouings oor die jare heen het werklik die hart van die kampus geword.

Die Ferdinand Postma-biblioteek was en is steeds vir baie generasies 'n onvergeetlike baken op die kampus – 'n simbool van harde werk, lang ure, leer, navorsing en uiteindelik sukses.

Op die vooraand van die 150ste bestaansjaar van die Potchefstroomkampus vier hierdie spesiale herdenkingsuitgawe van die geskiedenis van die Ferdinand Postma-biblioteek sy nederige begin, maar lewer terselfdertyd 'n unieke bydrae tot die mylpale in die geskiedenis van die kampus.

Argitektonies gesproke (as die eerste moderne, na-oorlogse gebou van die Universiteit) is dit vandag steeds 'n belangrike baken en 'n vertoonstuk van die groei en akademiese ontwikkeling van die Universiteit. Die Biblioteek het homself uitstekend geposisioneer – nie net om 'n bydrae te lewer tot die inligtingsera nie, maar ook om 'n pionier te wees op die gebied van biblioteek- en inligtingsdienste.

Mag hierdie viering van die geskiedenis van die Biblioteek goeie herinneringe terugbring, maar mag dit ook die toekomstige geslagte inspireer om baanbrekers te wees op elke nuwe gebied.

Prof Fika Janse van Rensburg
Adjunk-visekanselier: Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit

Junie 2018



Inhoudsopgawe

Erkennings	i
Ferdinand Postma-biblioteek tydslyn 1869 - 2017	ii
Voorwoord	iii
Inhoudsopgawe	iv
Afkortings	v
Die geskiedenis van die Ferdinand Postma-biblioteek	1
Voorgeskiedenis	2
'n Nuwe begin	4
Takbiblioteke	10
Die Lessing-era	11
'n Geïntegreerde biblioteekstelsel	12
Rekenaargebaseerde tydskrifindekse en inligtingsdatabasisse	14
Plaaslik geskepte databasisse	15
Die einde van 'n era	16
Samewerking met ander kampusse	17
Implementering van die nuwe struktuur	18
Elektroniese bronne en voorraad	18
Nuwe dienste en inisiatiewe	19
Herinrigting van biblioteekruimtes	21
Konklusie	23
Gedagtes oor die boek	24

BATL	Bibliografie van die Afrikaanse Taal en Letterkunde
BID	Biblioteek- en Inligtingsdiens
GKPV	Gesamentlike Katalogus van Proefskrifte en Verhandelinge van Suid-Afrikaanse Universiteite
IBS	Geïntegreerde Biblioteekstelsel
ISAM	Inligtingsentrum vir Suider-Afrikaanse Musiek
NWU	Noordwes-Universiteit
PU vir CHO	Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
PUK vir CHO	Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys
SABINET	Suid-Afrikaanse Bibliografiese en Inligtingsnetwerk
SABV	Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging
SAIBI	Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingsdienste



In die ontwikkeling en geskiedenis van die Ferdinand Postma-Biblioteek staan die naam van een persoon sentraal, en is daar een gebeurtenis wat meer as enigiets anders die ontwikkeling van die Biblioteek na die pronkstuk en bate wat dit vandag is, gestuur het. Daardie persoon is, sonder enige twyfel, HC (Henri) van Rooy, en die gebeurtenis, ewe seker, is die groot biblioteekbrand van 23 Februarie 1949.



Henri van Rooy was algemeen bekend en geliefd as Harrie, 'n naam wat makliker op die Afrikaanse oor geval het as die Fransklinkende Henri. Van 1 Julie 1947 af was hy die eerste voltydse en (na sy terugkeer uit die VSA in Augustus 1948) professionele bibliotekaris van die eertydse Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys. (Die Kollege sou in 1951 'n onafhanklike universiteit word met basies dieselfde naam, en van 2004 af die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit in 'n nuwe politieke en hoër onderwysbedeling.)

Dit was Van Rooy se professionele opleiding, maar veral sy toewyding aan die professie wat hy gekies het en die instelling wat hy gedien het, gekombineer met die lojaliteit en toewyding van sy kollegas en opvolgers, wat die basis gevorm het nie net van die ontwikkeling en voorraad wat die akademiese ontwikkeling van die Universiteit so goed gedien het nie, maar ook van professionele dienste en standaarde waarvan die invloed ver wyer as Potchefstroom gestrek het, en wat wyd in die biblioteekprofessie erken en waardeer is.

Die biblioteekbrand van Februarie 1949 (waaroor later meer vermeld sal word), kort na die aanstelling van Van Rooy as bibliotekaris, was by uitstek die rede vir die oprigting van die nuwe biblioteekgebou in 1951-2 wat, met die uitbreiding daarvan in die sewentigerjare asook ander verbeterings, die sentrale plek van die Biblioteek op die kampus en die huisvesting van uitnemender dienste in gepaste fasiliteite verseker het. 'n Mens kan inderdaad sê dat sodoende verseker is dat nuwe wyn in nuwe sakke gegooi is, wat die begin van 'n opwindende fase in die geskiedenis van die Biblioteek was.

Dit sou verkeerd wees om die biblioteekdienste op die kampus in die drie dekades voor 1947 as primitief te bestempel; die hele Potchefstroomse Universiteitskollege vir Christelike Hoër Onderwys (PUK vir CHO) was toenog in 'n ontwikkelings stadium waar toegewyde mense te midde van beperkte hulpbronne en ander beperkende faktore hard gewerk het aan 'n ideaal en aan die fasiliteite om daardie ideaal te ondersteun. Dit moes uiteraard 'n invloed hê op die akkommodasie van die Biblioteek en op die voorraad, finansiering en veral personeelvoorsiening.

Tot met die inkorporasie van die PUK vir CHO as 'n kollege van die destydse Universiteit van Suid-Afrika in 1919 (tot op daardie stadium was dit steeds bekend as die Literariese Afdeling van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) was daar inderdaad 'n biblioteek of ten minste 'n boekversameling, maar uit die beskikbare bronne is min daaroor bekend. As deel van die Biblioteek van die Teologiese Skool is dit aanvanklik by dié instelling gehuisves, totdat dit in 1923 verskuif is na sinkgeboue¹ op die huidige

kampus. Met die oprigting en opening van die Hoofgebou in 1931, wat op daardie stadium 'n groot deel van die aktiwiteite op die kampus gehuisves het, is die Biblioteek verskuif na twee kamers aan die noordoostelike kant van die boonste vloer, en in 1938 is 'n addisionele kamer bygevoeg.

Die biblioteekvoorraad en –finansiering, veral as dit met resente gegewens vergelyk word, was aanvanklik baie beperk. Die volgende tabel gee 'n aanduiding van die groei:

Jaar	Boeke	Tydskrifintekeninge
1922	2316	
1929	5723	60
1935	10563	114
1946	24099	184

Die finansiering van die Biblioteek het ook gaandeweg verbeter. Finansiële voorsiening is aanvanklik klaarblyklik op 'n ad hoc basis gedoen, totdat 'n begroting van £100 in 1923 aan die Biblioteek toegeken is. Die bedrag mag baie klein lyk, maar daar moet onthou word dat dit op daardie stadium 10% van die inkomste van die Universiteitskollege was. Teen 1927 het die toekenning reeds verdubbel na £200, en in 1928, nadat 'n kommissie van ondersoek na universiteite tekortkominge op Potchefstroom uitgewys het, is dit verder verdubbel na £400. Teen 1929 was dit £750, maar in 1933, waarskynlik as gevolg van die Depressie, het dit weer teruggeval na £200.

Die personeelvoorsiening vir die Biblioteek was gedurende daardie drie dekades ook beperk. Aanvanklik is dosente as ere- of tydelike



¹ Hierdie sinkgeboue was oorblyfsels van barakke wat gedurende die Tweede Vryheidsoorlog deur die Britse Leër en later deur die Unie Verdedigingsmag in Potchefstroom opgerig is, en wat later gekoop is vir gebruik op die kampus en by die destydse Potchefstroomse Onderwyskollege. Hierdie geboue is later vervang deur permanente geboue, maar die laaste daarvan, agter die Hoofgebou, is eers in die sewentigerjare afgebreek.

² Van hierdie dosente het in latere jare akademies en in ander verbande taamlik bekend geword. LJ du Plessis was die bekende prof Wikus du Plessis, wat nie net die grondlegger van Politieke Wetenskappe en die PU vir CHO se Regsfakulteit was nie, maar wat ook in die veertiger- en vyftigerjare 'n prominente rol in Afrikaanse ekonomiese en politieke kringe gespeel het. AJH van der Walt was later professor in Geskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika en gedurende die 1940s en 1950s rektor van daardie instelling toe dit, na die onafhanklikwording van die konstituerende kolleges, 'n instelling vir afstandsonderrig geword het en later, tot vandag, die grootste universiteit in Suid-Afrika. Prof Gerrit Dekker was 'n bekende literator, outeur van die seminale Afrikaanse Literatuurgeskiedenis en gedurende die 1960s en 1970s voorsitter van die Publikasieraad.



bibliotekaris se teen 'n beperkte addisionele vergoeding aangestel, en hulle het dikwels nie lank in dié hoedanigheid gedien nie.² Op ander stadiums het die Biblioteek as 'n blote boekversameling as 'n administratiewe departement onder die registrateur geressorteer. 'n Mate van permanensie is bereik met die aanstelling van mej B Coetzee as eerste assistent-bibliotekaris, alhoewel steeds sonder enige professionele kwalifikasie. Oor die volgende twee dekades het verskeie dames met wisselende postitels in die Biblioteek gedien. Na die werk en verslag van die ondersoekkommissie wat reeds vermeld is, is verdere stabiliteit bereik met die aanstelling van prof Gerrit Dekker as

permanente erebibliotekaris in 1929 (saam met sy ander verpligtinge). Hy het in hierdie hoedanigheid gedien tot met die aanstelling van Henri van Rooy in 1947, wat in 'n sin die bekroning was van Dekker se betrokkenheid by die Biblioteek.

Soos reeds vermeld is, was daartot die veertigerjare geen moontlikheid vir die professionele opleiding of indiensneming van bibliotekarisse nie. Die eerste potensieële verandering in hierdie situasie het gebeur toe die Carnegie Corporation van New York (wat op daardie stadium reeds in Suid-Afrika betrokke was met die finansiering van openbare biblioteke en die ondersoek na die Armblankevraagstuk) 'n aanbod aan die PUK vir CHO gemaak het om 'n beurs beskikbaar te stel vir die opleiding van 'n professionele bibliotekaris in die VSA. As gevolg van die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog op 3 September 1939 was die kollege nie in staat om van die aanbod gebruik te maak nie, maar is daar versoek dat dit op 'n later stadium herhaal word. Dit het inderdaad in 1946 gebeur toe Carnegie die kollege in kennis gestel het dat 'n beurs van £500 steeds beskikbaar was vir die opleiding van 'n bibliotekaris, op voorwaarde dat sodanige bibliotekaris na haar of sy terugkeer op die vlak van lektor aangestel word en in staat gestel moet word om binne tien jaar tot die vlak van professor te vorder. Die kollege het daarop geadverteer vir geskikte kandidate wat in besit was van ten minste 'n meestersgraad. HC van Rooy, wat gedurende die vroeë dertigerjare aan die kollege gestudeer het, wat aan Gill College in Somerset-Oos onderwys gegee het, en wat op daardie stadium as organiseerder in diens van die PUK vir CHO was, was die suksesvolle kandidaat.

Teen die middel van 1947 het twee dinge gelyktydig gebeur: mnr HC van Rooy is met ingang 1 Julie 1947, in terme van die ooreenkoms met die Carnegie Corporation, as voltydse bibliotekaris (op lektorsvlak) van die PUK vir CHO aangestel, en het na die VSA vertrek vir die studies wat deur Carnegie gefinansier is. Hy is vergesels deur sy vrou, mev JC (Jane) van Rooy, wat saam met hom aan die Columbia Universiteit sou studeer en wat in die jare na hulle terugkeer saam met haar man 'n baie belangrike rol sou speel in die ontwikkeling van die biblioteek, veral met katalogisering en standaarde, maar ook met biblioteekopleiding.

In Augustus 1948, nadat hulle die studie vir die BLS-graad (Bachelor of Library Science, later opgegradeer na MLS, wat steeds die standaard is vir Amerikaanse biblioteekopleiding) voltooi het, het Henri van Rooy teruggekeer om die groot taak wat voorgelê het, aan te pak. Drie sake het veral aandag gekry:

- Gedurende 1948 het Van Rooy 'n landswye toer onderneem om 'n studie te doen van biblioteekgeboue en -dienste.³ Hy is hierin bygestaan deur mnr RFM (René) Immelman van die Biblioteek van die Universiteit van Kaapstad, wat ook later in 1948 'n lang besoek aan Potchefstroom gebring het. Dit was as gevolg hiervan dat mev Jane van Rooy ook aangestel is as professionele bibliotekaris.
- Die nuwe bibliotekaris het opdrag gekry om 'n studie te maak van Amerikaanse biblioteekgeboue. Ook in 1948 is 'n beplanningskommissie bestaande uit die bibliotekaris en verteenwoordigers van die verskillende fakulteite aangestel om die beplanning te

doen vir die ontwerp van die Biblioteek en die plasing van studieruimtes en gespesialiseerde materiaal, ook in 'n nuwe biblioteekgebou wat op daardie stadium reeds in die vooruitsig gestel is. Dit was as gevolg van hierdie studie van veral Van Rooy, met sy blootstelling aan die jongste neigings tydens sy studie by Columbia, dat daar besluit is op 'n modulêre beplanningsmodel, wat binne 'n biblioteekgebou voorsiening sou maak vir modules met standaardafmetings tussen pilare en mure, om sodoende maksimum-aanpasbaarheid te verseker.⁴

- In Augustus 1948 het die raad van die kollege besluit om 'n bedrag beskikbaar te stel vir die verkryging van broodnodige toerusting en vir die algehele herorganisasie van die Biblioteek oor die volgende drie tot vyf jaar.

Die brand van 23 Februarie 1949 (op dieselfde dag dat die akademiese jaar sou begin en so kort na Van Rooy se terugkeer en beplanning) was 'n keerpunt. Oënskynlik het 'n kortsluiting in die plafon bo die vertrekke in die Hoofgebou wat deur die Biblioteek gebruik is, tot die brand gelei. Ten spyte van die pogings van personeel en studente, is meer as 80% van die voorraad van die Biblioteek vernietig. Slegs 4612 boeke kon gered word.

Die brand het aanleiding gegee tot groot simpatie by die tradisionele ondersteuners van die PUK vir CHO, sowel as van mense buite sy invloed- en ondersteuningsfeer. Meer as 25000 boeke is as skenkings ontvang en 'n verdere 3000 is aangekoop sodat, saam met dié wat gered kon word, 'n totaal van 33000 boeke vir die Biblioteek gekatalogiseer kon word.

³ Dit moes tydens hierdie toer gewees het dat hy raad gevra het by die welbekende RF Kennedy van die Biblioteek van die Universiteit van die Witwatersrand. Nadat die situasie en beperkinge in Potchefstroom aan hom verduidelik is, was Kennedy se advies aan die jong van Rooy: "My lad, start a fire!" Toe die Biblioteek in Februarie 1949 in 'n brand verwoes is, was die geamuseerde Kennedy se eerste reaksie dat Van Rooy hom nie so ernstig moes opgeneem het nie!

⁴ Dit is hierdie modulêre model wat nie net aan die Biblioteek iets van 'n tydeloosheid gegee het nie, maar wat ook verseker het dat die uitbreiding in die sewentigerjare kon plaasvind sonder 'n té opmerkbare oorgang tussen die oue en die nuwe.



Soos vroeër vermeld, is daar voor die brand en Van Rooy se diensaanvaarding reeds planne gemaak vir 'n nuwe, funksionele biblioteekgebou. Die brand, wat tot gevolg gehad het dat die Biblioteek tydelik in die gebou van die Departement Liggaamsopvoeding gehuisves moes word, was die finale aanleiding om met die

beplanningsproses voort te gaan. Op versoek van die Kollege het die regering onderneem om die grootste gedeelte van die £50000 wat vir die nuwe gebou benodig is, beskikbaar te stel. Intussen het die werk voortgegaan vir die opstel van planne deur die argitek, prof AL Meiring, en ander tegniese spesifikasies.⁵

⁵ Interessant en paslik genoeg was die nuwe gebou bestem om die eerste brandbestande biblioteekgebou in die land te wees.

Gedurende 1950 het die kontrakteurs, Van Heerden en Johnson, met die bouwerk begin, en op 17 Maart 1951, dieselfde dag waarop die PUK vir CHO 'n onafhanklike en outonome universiteit geword het, is die hoeksteen van die gebou gelê deur die destydse Minister van Onderwys, mnr Jan Viljoen. (Daar is waarskynlik iets simbolies aan die feit dat hierdie twee gebeurtenisse kon of moes saamval, en dat die nuwe biblioteek met sy uitbreidende dienste in 'n sin verteenwoordigend was van die Universiteit se groei.)



Op 29 November 1952 is die nuwe gebou amptelike geopen. Aanduidend van die belang van die geleentheid en miskien ook van die reputasie van die nuwe PU vir CHO, is dat nie minder nie as drie senior buitelandse hoogwaardiges teenwoordig was: die Nederlandse ambassadeur, die hoë kommissaris van die Verenigde Koninkryk, en die chargé d'affaires van die ambassade van die VSA.



Die nuwe biblioteek het ruimte gebied vir 100000 tot 120000 boeke, sitplekruimte vir 160 studente, 12 studiehokkies, 'n fotografeese afdeling en 'n binderyseksie (nadat dié aktiwiteite in 1949 begin het met die aanstelling van mnr S Buys as boekbinder).





Die biblioteek was geplaas op 'n baie strategiese plek op die kampus, wat aanduidend was van die waarde wat die Universiteit vir baie jare daaraan sou heg. Met sy argitektuur (dit was die eerste moderne na-oorlogse gebou op die kampus) was die Biblioteek 'n kenmerkende teenwoordigheid op die kampus en 'n inspirasie vir die latere Administrasiegebou en die Plantkunde- en Dierkunde-geboue oorkant die sentrale grasperk.




Oor wat die naam van die nuwe biblioteekgebou moes wees, was daar op die Universiteit min twyfel. Prof Ferdinand Postma, wat van 1921 tot 1950 rektor van die PUK vir CHO was, was die ooglopende en enigste kandidaat vir dié eerbetoning. Hy het nie net vir jare onvermoeid vir Christelike onderwys en vir die uitbreiding van die instelling gewerk nie, maar was ook, as vermaarde klassikus, intiem betrokke by die onderhoud en uitbreiding van die biblioteek. Wat vir hom die bekroning van sy lewenswerk moes wees, naamlik die onafhanklikwording van die Universiteit, was hy egter nie bestem om te belewe nie: nadat hy die voorbereidings daarvan met groot ywer gelei het, is hy op 4 November 1950 oorlede.⁶

Die nuwe biblioteekgebou, as 'n monument vir Ferdinand Postma, maar ook as 'n eerste bekroning van die werk van Henri van Rooy, sou vir dekades daarna, en teweens tot vandag nog, die hoeksteen en akademiese hart van die kampus bly. Maar met die uitbreiding van die kampus, veral nadat prof HJJ Bingle in 1964 rektor geword het, het selfs hierdie akademiese paleis uiteindelik onvoldoende geblyk te wees. In 1960 is beperkte uitbreidings aangebring, maar meer grootskaalse uitbreidings moes in 1972-1974 volg. Met die ervaring van en ondersoeke deur Van Rooy en Casper Lessing, wat in 1957 in die Biblioteek begin werk het en in 1962 Van Rooy se regterhand geword het as Onderuniversiteitsbibliotekaris, en met die beplanning en insette van Conradie Argitekte van Potchefstroom, is die biblioteekgebou feitlik verdriedubbel. 'n Verdere vloer na bo en 'n kelder is bygevoeg, saam met groot uitbreidings na die westekant toe.

⁶ Dit is nie onmoontlik nie dat die biblioteekbrand en die gevolge daarvan so 'n stremming vir hom was dat dit sy dood verhaas het nie.



Die rakruimtes is uitgebrei van 125000 na 600000 boeke (die Biblioteek het op daardie stadium reeds 350000 volumes bevat) en die sitplekruimte na 1200 gebruikers. Die totale vloerspasie is uitgebrei van 3000 vierkante meter na meer as 11000 vierkante meter.



Die aanvanklike voltooiing van die Ferdinand Postma-Biblioteek het 'n paar jaar na die aanstelling van Henri van Rooy gevolg, terwyl die grootskaalse uitbreiding daarvan in die vroeë sewentigerjare kort voor die einde van sy loopbaan as professionele bibliotekaris gekom het. In die twee en 'n half dekades tussen hierdie twee gebeurtenisse het hierdie reus van die Suid-Afrikaanse biblioteektoneel die grondslae gelê van

wat vandag steeds 'n suksesvolle biblioteek en biblioteekgemeenskap is. Eerder as om hierdie bydraes chronologies te lys, is die volgende 'n poging tot 'n tematiese uiteensetting:

- Danksy opleiding in die VSA en sy blootstelling (en dié van sy vrou en medewerker Jane) aan wetenskaplik gebaseerde biblioteekdienste, was hy in staat om in die nuwe biblioteek sekere professionele en tegniese standaarde te implementeer. In die geval van die Anglo-American Cataloguing Rules het dit oor dekades 'n basis daargestel vir effektiewe katalogisering en sodoende 'n bydrae gemaak tot nie alleen nasionale samewerking nie, maar ook tot die latere feitlik moeitelose rekenarisering van die biblioteekskatalogus en ander hulpbronne.⁷
- Van die begin af het Van Rooy gekonsentreer en klem gelê op die verkryging en beskikbaarheid van bibliografiese en inligtingshulpbronne, met die uitgangspunt dat selfs waar sy eie biblioteek nie sekere bronne kon aanskaf nie, dit steeds moontlik moes wees om vas te stel waar hulle opgespoor kan word.
- Hy was verantwoordelik daarvoor om by die Universiteit 'n sterk bewustheid van die belangrikheid van biblioteekdienste aan te kweek en sodoende ook (ten minste aanvanklik en vir 'n lang tyd) 'n positiewe houding teenoor die finansiering van die biblioteek. Waarskynlik die beste bewys hiervan is die feit dat in die jare 1959-1965 die Universiteit se toekenning aan die Biblioteek so hoog as 8,38% van sy jaarlikse operasionele begroting (salarisse ingesluit) was, terwyl die hoogste gemiddeld by ander Suid-Afrikaanse biblioteke slegs 5,42% was.⁸

⁷ Een van die ontwikkelings gedurende hierdie tydperk was die ontwikkeling van Afrikaanse onderwerpshoofde op dieselfde basis as die LCSH (Library of Congress Subject Headings). Onder leiding van aanvanklik mev. Jane van Rooy en later mev. Vida Venter, hoof van die Katalogiseringsafdeling, en met die hulp van akademici uit haas elke vakgebied, is Afrikaanse weergawes van die onderwerpshoofde naas die Engelse weergawes ontwikkel. Op hierdie wyse was die Biblioteek in staat om 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling en vaslegging van Afrikaanse vaktaal te maak. Hierdie proses word steeds in stand gehou.

⁸ 'n Interessante voorloper van hierdie houding kan in die tweede helfte van die negentiende eeu gevind word. Die PU vir CHO het ontwikkel uit die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Kort na die stigting van die Skool in 1869 het die Kuratore besluit dat die helfte van studente se jaarlikse klaskeld van £12 aan die Biblioteek bestee moes word.

- Waarskynlik as gevolg van sy eie ervaring het hy besondere klem geplaas op die opleiding van bibliotekaris. By die konferensie van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging in 1953 het hy 'n voordrag oor die onderwerp gelewer, en klem daarop gelê dat sulke opleiding ingestel moet wees op opvoeding en fundamentele beginsels, en nie net met biblioteekroetine en tegniese aspekte nie. Kort hierna het die Universiteit ondersoek laat doen na die akademiese opleiding van bibliotekaris en in 1956 het die Departement Biblioteekkunde tot stand gekom, met Van Rooy as die eerste hoof van dié departement.

Aanvanklik is 'n laer en 'n hoër diploma in



biblioteekkunde aangebied, wat later gevolg is deur 'n BA-graad wat uiteindelik 'n BBib-graad sou word. Meer personele is ook aangestel: in 1958 het mnr SI Malan (later

prof Faan Malan van Unisa) aangesluit (hy was departementshoof van 1958 tot 1961), en in 1960 het mev Jane van Rooy ook lektrise geword. Met die vertrek van Malan het Van Rooy weer departementshoof geword, met die rang van professor van 1962 af.

- Hy het bygedra tot die opleiding en professionele ontwikkeling van 'n aantal persone wat later direkteure by verskillende instellings sou word:
 - Casper Lessing, wat een van die eerste nagraadse studente was en wat uiteindelik vir Van Rooy sou opvolg.
 - John Willemse (hoofdirekteur by Unisa).
 - Piet Aucamp (direkteur by die toentertydse Randse Afrikaanse Universiteit).
 - Hennie Viljoen (hoofdirekteur by die Universiteit van Stellenbosch).
 - Frans de Bruyn (stadsbibliotekaris van Pretoria en vir 'n tyd ook hoof van die Biblioteek van die Universiteit van Bophuthatswana).
 - Alida Dippenaar (Universiteit van die Vrystaat).
 - Dirk Fokker (Universiteit van Port Elizabeth).
 - George de Bruyn (Sastech).
 - Albert Viljoen (agtereenvolgens hoof van die Departemente Biblioteekkunde, dekaan van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte, direkteur biblioteekdienste by die Universiteit van die Vrystaat, en Viserektor (Akademies) by sy alma mater).
- Al hierdie bydraes, saam met sy direkte bydrae tot die biblioteekprofessie deur sy jarelange lidmaatskap van die SABV (waarvan hy ook president was), en sy voorsitterskap van die Nasionale Biblioteekadviesraad, is in 1980 erken toe die PU vir CHO aan hom 'n eredoktorsgraad in Biblioteekkunde toegeken het.

Alhoewel al die ontwikkelings nie gedurende die dienstermyn van Van Rooy gebeur het, is dit belangrik om te verwys na die verskillende takbiblioteke van die Ferdinand Postma-Biblioteek. Alhoewel daar van die begin af, beide vir ekonomiese en effektiwiteits- en diensleweringredes, sterk klem gelê is op die sentralisering van biblioteekdienste (onder andere in die aanbevelings van 'n effektiwiteitsondersoek wat in 1998 uitgevoer is), het daar om verskillende redes (waaronder die aandrang van fakulteite) oor die jare 'n aantal takbiblioteke tot stand gekom:⁹

- Die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, waaruit aanvanklik die Literariese Afdeling en later die PUK vir CHO en PU vir CHO ontwikkel het, het altyd 'n afsonderlike instelling gebly, alhoewel dit die basis gevorm het van die Universiteit se Fakulteit Teologie en 'n ooreenkoms tussen die Skool en Universiteit in 1945 gesluit is. In 1962 is die Jan Lion Cachet-Biblioteek, steeds in sy eie huisvesting by die Teologiese Skool, onder die beheer van die Ferdinand Postma-Biblioteek geplaas. Alhoewel die

Gereformeerde Kerke nie meer fondse bydra tot die verkryging van inligtingsbronne nie, word beheer steeds uitgeoefen oor watter deel van die versameling histories vir die rekening van die Kerke is en watter deel vir die Universiteit.


- Omdat die Musiekkonservatorium van die Universiteit ver van die sentrale kampus in sy eie gebou gehuisves is, en omdat dit 'n kenmerkende versameling van nie net boeke en tydskrifte nie, maar ook van klankopnames huisves, is 'n Musiekbiblioteek in 1962 in die Konservatorium tot stand gebring.
- In die laat sestigerjare het die Universiteit begin om kursusse in sekere vakrigtings in Vanderbijlpark aan te bied. Die gevolg hiervan was dat daar ook biblioteekdienste en later 'n volkskaalse en funksionele takbiblioteek in die aanvanklik beskeie maar later meer uitgebreide fasiliteite van die Vaaldriehoekkampus van aanvanklik die PU vir CHO en later die Noordwes-Universiteit ontwikkel het.
- In die sewentigerjare, te midde van 'n fase van beduidende uitbreiding en innovasie by die PU vir CHO, is 'n aantal geboue van die Fakulteit Natuurwetenskappe (waaronder Fisika en Chemie) verbind met die konstruksie van 'n sentrale kompleks met addisionele lesinglokale en kantore. Een van die sentrale fasiliteite van dié gebou (wat algemeen bekend geraak het as die 'Spinnekopgebou') was wat, nadat sekere voorraad en personeel daarheen verskuif is, die Natuurwetenskappe-Biblioteek geword het.
- Met die inlywing van die Potchefstroomse Onderwyskollege en sy fasiliteite by die Universiteit kort na 2002 (as deel van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe), en met die verskuiwing van die fakulteit na die geboue van die kollege, het die biblioteek van die POK voortgegaan om as 'n takbiblioteek te funksioneer.



⁹ Die moontlikheid daarvan om die meeste van die takbiblioteke opnuut te sentraliseer, was 'n herhalende tema tydens Larney se direksie, maar daar het daadse van gekom.

DIE LESSING-ERA

Aan die einde van 1975 het Henri van Rooy afgetree as Direkteur Biblioteekdienste na 'n buitengewone vrugbare diens- en vestigingstydperk van amper drie dekades. Hy is opgevolg deur sy adjunk, mnr CJH (Casper) Lessing. (Dié het in 1983 dr Lessing geword en in 1992, toe hy ook hoof van die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde geword het, professor.)



Lessing was oor die jare intiem betrokke by Van Rooy se visie vir die Biblioteek en by verskillende inisiatiewe, en hy het voortgegaan om die visie met besondere entoesiasme te implementeer en uit te bou. Hy het veral Van Rooy se oortuiging oor en betrokkenheid by biblioteeksamewerking gedeel. Van 1962 af was hy eresekretaris van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, en hy het met

onderskeiding in dié posisie gedien tot 1980, toe die SABV die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek en Inligtingsdienste geword het, met 'n hernude klem op die professionalisasie van die beroep.¹⁰

Die belangrikste klem en hoogtepunte van Lessing se loopbaan het egter gelê in die buitengewone bydrae wat hy gemaak het tot die rekenarisering van biblioteekdienste en tot die effektiewe gebruik en uitbreiding van daardie dienste. Onder sy leierskap, wat gekenmerk is deur verbeelding en waagmoed, het die Ferdinand Postma-Biblioteek 'n leier in verskillende aspekte van dié veld geword. Daardeur is 'n groot deel van die basis gelê vir die wyse waarop die Universiteit in die daaropvolgende dekades navorsing en innovasie omhels en uitgebrei het.¹¹ Dit is nie moontlik om 'n waterdigte onderskeid te maak tussen verskillende aspekte van hierdie moderniseringsproses nie, maar sekere konsentrasiepunte kom tog na vore.



¹⁰ Dit was teweens met 'n proefskrif oor die SABV se bydrae tot biblioteekontwikkeling in Suid-Afrika dat Lessing in 1983 sy doktorsgraad verwerf het, met Van Rooy as sy promotor.

¹¹ Hierdie vordering sou nie moontlik gewees het nie sonder die entoesiastiese ondersteuning wat Lessing gekry het van veral prof CJ (Carools) Reinecke, eers as die viserektor aan wie die Biblioteek gerapporteer het en later as rektor van die PU vir CHO. Reinecke se begrip van wat die Biblioteek beoog het, en die beweegruimte wat hy geskep het, was sleutelfaktore in die sukses wat behaal is.

Die eerste en sekerlik die belangrikste hiervan was sonder twyfel die ontwikkeling en onderhoud van 'n geïntegreerde biblioteekstelsel wat, op die basis van 'n volledige rekenaarleesbare stelsel of katalogus van bibliografiese rekords die kern vorm waaromheen ander biblioteekfunksies, soos die verkryging van materiaal, asook inligtings- en leendienste, in werking gestel kon word.

Alhoewel sulke stelsels nog nie in die sewentigerjare bestaan het nie, is daar 'n begin gemaak, onder ander deur die British Library met die skep van rekenaarleesbare bibliografiese rekords op basis van die MARC-formaat.¹² Die British Library het op 'n gereelde basis sulke nuwe bibliografiese rekords internasionaal op magneetband versprei. Die Ferdinand Postma-Biblioteek het sedert die laat sewentigerjare op hierdie diens ingeteken en het die bande wat ontvang is, gebruik om die bibliografiese rekords

van boeke wat aangekoop is, elektronies te berg as die basis van 'n toekomstige geïntegreerde stelsel. Dit is ook gebruik om uitdrukke te maak wat onder akademiese personeel versprei is as boekaankondigings met die oog op aanbevelings vir aankope. Teen die tyd dat die Biblioteek sy intekening beëindig het, was daar reeds sowat 9000 rekords beskikbaar vir gebruik in 'n volledig geïntegreerde stelsel.¹³

Daar was egter steeds 'n behoefte aan 'n stelsel wat die verskillende biblioteekfunksies intyds kon hanteer. Een van die eerste hiervan was 'n stelsel genaamd DOBIS/LOBIS¹⁴, wat deur IBM bemark is en reeds in gebruik was by die Biblioteekdiens van die Universiteit van Pretoria. In 1983 is die eerste modules van die stelsel deur die Universiteit verkry, omdat die Afdeling Rekenaardienste reeds op IBM-toerusting gespesialiseer het. Die Biblioteek kon toe voortgaan met die grootskaalse skepping van bibliografiese rekords van nuut-aangekoopte materiaal, sowel as sekere kleiner versamelings. Verskeie faktore, waaronder die beskikbaarheid van fondse, beperkings op die netwerkinfrastruktuur op die kampus, sowel as veranderinge in bedryfstelsels, het egter verhoed dat meer modules van DOBIS geïmplementeer kon word. Teen 1991 was die skrif aan die muur. Die DOBIS-era het egter die voordeel gehad dat die Biblioteek se rekenaarleesbare rekords aangegroei het tot net meer as 100000.



¹² MARC is 'n akroniem vir die konsep Machine Readable Cataloguing en het 'n formaat daargestel waar verskillende datavelds in 'n bibliografiese rekord (outeur, titel, en dies meer) in 'n elektroniese lêer geberg kon word met 'n stelsel van numeriese etikette en addisionele kwalifiserende kodes en 'n rekordgids (inhoudsopgawe). Met die tyd saam het 'n verskeidenheid sulke formate in verskillende lande ontwikkel, waaronder UKMARC in die Verenigde Koninkryk, USMARC of LCMARC in die VSA, en selfs, vir 'n tyd, SAMARC in Suid-Afrika.

¹³ Afgesien van die bande wat op intekening ontvang is, het die Biblioteek ook 'n suite van rekenaarprogramme van die British Library aangekoop. Hierdie programme, wat in die Assembler 370-rekenaartaal geskryf was, het, alhoewel dit nie daarvoor bedoel was nie, uiters bruikbaar geblyk in die daarstelling van die eerste elektroniese weergawe van die Gesamentlike Katalogus van Proefskrifte en Verhandelinge van die Suid-Afrikaanse Universiteite (GKPV). Hierdie werk, wat eintlik 'n indeks was eerder as 'n katalogus, omdat dit nie besit aangedui het nie, is in die laat vyftigerjare aanvanklik deur mnr SI Malan opgestel en later deur die Biblioteek op grond van inligting wat onttrek is uit die gradedagprogramme van al die Suid-Afrikaanse universiteite.

¹⁴ DOBIS vir Dortmunder Bibliothek und Informationssystem, omdat die stelsel aanvanklik op 'n IBM-rekenaar by die Universiteit van Dortmund in Duitsland ontwikkel is, met LIBIS op dieselfde patroon bygevoeg toe verder modules van die stelsel by die Katholieke Universiteit Leuven in België ontwikkel is.

Dit was nie maklik of eenvoudig om op 'n nuwe stelsel te besluit nie. Van die ander stelsels wat in Suid-Afrika gebruik is, soos URICA en Erudite, is meesal op mini-rekenaars wat nie by die Universiteit geakkommodeer kon word nie, bedryf. Uiteindelik, amper as 'n gelukskoot, is 'n stelsel geïdentifiseer wat op die DOS-bedryfstelsel geloop het en wat aan al die gestelde vereistes voldoen het. Dit was die Data Trek-stelsel wat deur 'n maatskappy met dieselfde naam uit Carlsbad in Kalifornië bemark is. Die data uit DOBIS kon na die nuwe stelsel oorgedra word en met die selektiewe en effektiewe byvoeging van nuwe bibliografiese rekords kon die uitleenstelsel (en uiteraard ook die aanskaaffunksie) spoedig daarna geïmplementeer word, sodat die Biblioteek teen 1993 vir die eerste keer 'n behoorlik geïntegreerde stelsel gehad het.¹⁵ Die beskikbaarheid van 'n ten volle geïntegreerde stelsel, met 'n soekfunksie (OPAC) vir eindgebruikers, was uiteraard ook die aanleiding tot die verwydering van die kaartkatalogus, en vir die hergebruik van die ruimte wat daardeur in beslag geneem is om nuwe toonbanke van 'n moderne en aantreklike ontwerp met rekenaarwerkstasies, wat op daardie stadium 'n vertoonstuk was beide op die kampus en onder akademiese biblioteke.

Verdere veranderinge in die ontwikkeling van die geïntegreerde biblioteekstelsel (IBS)

van die Biblioteek het in 1996 en in die jare daarna plaasgevind, met die daarstelling van 'n konsortium van akademiese biblioteke in die vier noordelike provinsies. Toe die Universiteit van die Witwatersrand en Suid-Afrika die Mellon Foundation in die VSA genader het vir die finansiering van 'n nuwe IBS, het Mellon aanbeveel dat 'n groter samewerkende struktuur tussen akademiese biblioteke in Suid-Afrika gevorm moet word. Op dié manier het GAELIC (die Gauteng and Environs Library and Information Consortium) tot stand gekom.¹⁶ Met die samewerking en befondsing van Mellon moes daar besluit word op 'n enkele stelsel wat deur al die lidbiblioteke gebruik sou word, en sodoende is die Innopac-stelsel (later in sy webweergawe bekend as Millennium) van die maatskappy Innovative Interfaces in Kalifornië gekies. Een van die implikasies van die gebruik van 'n nuwe stelsel was dat al die biblioteke se bibliografiese rekords uit hulle ou stelsels (URICA, Erudite en dies meer) afgelaai en verwerk moes word om gelaai te word op die Unix-bediensers wat deur Mellon vir elke universiteit aangekoop is. Die Ferdinand Postma-Biblioteek was die enigste van die meewerkende biblioteke in 1998 en 1999 wat in staat was om self sy rekords (teen daardie tyd sowat 350000 rekords in die Data Trek-stelsel) af te laai en intern te prosesseer sonder om hom groot kostes aan kontrakteurs en die verskaffers van ou stelsels op die hals te haal.

¹⁵ Die biblioteek was, nie sonder rede nie, taamlik trots op sy implementering van die Data Trek-stelsel, en het altyd goeie ondersteuning uit Carlsbad gekry. Data Trek was van mening dat hulle stelsel geskik was vir 'n biblioteek met nie meer as 100000 bibliografiese rekords nie. Toe die stelsel van die Ferdinand Postma-Biblioteek teen 1995 sowat 300000 bibliografiese rekords bevat het, was dit nog steeds in aktiewe en effektiewe gebruik, alhoewel dit sy grense begin bereik het en dit nodig was vir verandering.

¹⁶ Eers later is 'n moederliggaam vir GAELIC gevorm as 'n oorkoepelende samewerking tussen die universiteite wat reeds betrokke was, te wete FOTIM (Foundation of the Tertiary Institutions in the Metropolis)

Soos reeds vermeld, was dit een van Henri van Rooy se groot prioriteite om tydskrifindekse en ander hulpbronne oor veral tydskrifartikels geredelik aan gebruikers beskikbaar te stel. Oor dekades het die Biblioteek 'n indrukwekkende versameling van sodanige indekse opgebou wat, alhoewel dit baie nuttig was, moeilik en omslagtig was om te gebruik en wat 'n aansienlike hoeveelheid rakruimte in beslag geneem het. Dit was een van die hulpbronne waarin inligtings- en kommunikasietegnologie groot veranderinge in beskikbaarheid sou bring, en waar Lessing die nuwe ontwikkelinge heelhartig aangegryp het.

Die eerste ontwikkeling in hierdie verband was die Biblioteek se intekening, in die eerste helfte van 1981, op die DIALOG-inligtingstelsel, 'n kommersiële stelsel in die VSA wat gebruikers in staat gestel het om soektogte op 'n verskeidenheid van tydskrifindekse teen bekostigbare pryse te doen. In 'n sin was hierdie stelsel die voorloper van die latere beskikbaarheid van sulke databasisse, deurgaans steeds op 'n intekeningsbasis, op die internet. Een van die grootste verskille, en gevolglik beperkinge, was dat toegang steeds verkry moes word deur die beperkte netwerke wat op daardie stadium beskikbaar was, en op rekenaartoerusting wat min van die plooibaarheid gehad het wat later die norm sou word.¹⁷ Nogtans het DIALOG die Biblioteek vir 'n tyd baie goed gedien en personeel in staat gestel om waardevolle ondervinding met gerekenariseerde inligtingsoektogte op te doen.

'n Keerpunt het gekom met die koms van CD-ROM-tegnologie van die middel-tagtigerjare af, waarop die meeste wydgebruikte databasisse spoedig beskikbaar was. Die biblioteek het sy eerste databasis op CD-ROM in 1986 verkry

(Grolier Encyclopedia, wat as gevolg van die politieke sanksies wat destyds bestaan het, ingevoer moes word deur 'n ander instelling se kantoor in Washington), en terselfdertyd, en nie sonder moeite nie, sy eerste CD-ROM-speler.

Met Lessing se dryfkrag en aandrang het dosyne indekseringsdatabasisse spoedig gevolg, sodat die Biblioteek teen die middel-negentigerjare kon spog dat met die genetwerkte aandrywerstelsels (hoofsaaklik HP SureStor) dit een van die grootste CD-ROM-netwerke onder een dak in die wêreld gehad het (met meer as 220 CD-ROM's).



Maar ook dit was 'n interimfase, al was dit weliswaar 'n baie belangrike en bruikbare een. Met die opkoms en beskikbaarwording van die internet, en met die totstandkoming van koöperatiewe organisasies soos SABINET¹⁸ en GAELIC, sowel as die versameling en bemaking van databasisse deur maatskappye soos EBSCO en Swets, en die vermoë van dié om toegang te onderhandel en te help bekostig, was die dae van plaaslik gehuisveste en beperkte databasisse getel en sou internettoegang via die Word Wide Web die norm in die nuwe millennium word.

¹⁷ Die biblioteek se eerste toegang tot DIALOG is gedoen op die betreklik primitiewe (uit die hede gesien, uiteraard) Texas Instruments Silent 700-terminaal met twee 'rubberore' waarin 'n telefoonhandstuk geplaas kon word ('n akoestiese koppeling) en met uitdrukke op termiese papier met 'n beperkte leeftyd.

¹⁸ SABINET (die South African Bibliographic and Information Network) het in 1983 tot stand gekom as 'n samewerkingsorganisasie vir die verskaffing van bibliografiese inligting aan veral akademiese biblioteke in Suid-Afrika. Die Ferdinand Postma-Biblioteek was, afgesien van sy lidmaatskap van SABINET en as kliënt van die latere Sabinet Online, intens betrokke by die organisasie op twee ander wyses: die totstandkoming van SABINET was die gevolg van een van die laaste ondersoeke deur die Nasionale Biblioteekadviesraad toe Henri van Rooy nog die voorsitter was, terwyl Casper Lessing later waardevolle werk gedoen het gedurende sy termyn as voorsitter van SABINET se Gebruikerskomitee.

PLAASLIK GESKEPTE DATABASISSE

Die kombinasie van die feit dat die Biblioteek altyd besonder ingestel was op die gebruik van indekse en databasisse, en die feit dat belangrike tegniese kundigheid van die tagtigerjare af ontwikkel is, het onvermydelik gelei tot 'n sterk klem op die interne samestelling van sulke databasisse en hulle elektroniese beskikbaarstelling. Daar is reeds melding gemaak van die GKPV, wat deur die Biblioteek geskep en onderhou is. Met die programmatuur wat van die British Library verkry is, is daar 'n begin gemaak met die elektroniese invoer daarvan, wat tot gevolg gehad het dat die databasis, met verskeie indekse, op mikrofiche uitgevoer kon word en so aan ander biblioteke en gebruikers beskikbaar gestel kon word.

'n Ander belangrike ontwikkeling in die vroeë negentigerjare was die verkryging van die Inmagic-programpakket wat, as gevolg van die primêre fokus daarvan op teksdata, dit besonder goed geleen het tot die skep van bibliografiese databasisse. Met die gebruik van hierdie pakket kon 'n groot aantal databasisse, beide vir interne en eksterne gebruik, geskep word, en die Biblioteek kon ook in 'n wyer konteks hulp verleen aan veral kleiner biblioteke met die kundigheid wat verwerf

is. Afgesien van databasisse wat gemik was op die indeksering van plaaslike tydskrifte, was BATL (die Bibliografie van die Afrikaanse Taal en Letterkunde) een van die suksesverhale van die projek, en dit is steeds aktief en van beduidende belang (ook deur die internasionale beskikbaarheid daarvan met gebruik van Inmagic se DBText-stelsel via die internet). Ander databasisse wat vermelding verdien, is dié van die Cloete-manuskripte- en Pierneef-versamelings, sowel as die inventaris van die werke in die Kunsgalery en by die Instituut vir Suid-Afrikaanse Musiek (ISAM).

(Alhoewel dit nie werklik 'n bibliografiese databasis is nie, was die Biblioteek se digitalisering en verskaffing van ouer eksamenvraestelle van die begin af baie gewild, en dit bly tot op hede een van intensiefs-gebruikte databasisse.)

Afgesien van bibliografiese databasisse het die Biblioteek se afdeling Navorsing en Ontwikkeling ook waardevolle administratiewe ondersteuning verskaf deur die ontwikkeling van 'n verskeidenheid administratiewe funksies en databasisse, aanvanklik deur gebruik van Reflex en later die FOCUS-pakket.



Casper Lessing het as Direkteur Biblioteekdienste uitgetree aan die einde van Oktober 1998, na 'n vrugbare dienstdadigheid van meer as vier dekades, waarvan 'n groot deel in noue samewerking met sy mentor Henri van Rooy was. Mnr PE (Paul) Buys het van 1 November 1998 af tot aan die einde van 1999 waargeneem as Direkteur Biblioteekdienste, toe hy ongelukkig moes aftree. Hy is as waarnemende direkteur opgevolg deur Tom Larney, wat van 1 Januarie 2001 af permanent in dié pos aangestel is.

Met Larney se aftrede as Direkteur Biblioteekdienste aan die einde van 2011 is hy opgevolg deur me Elsa Esterhuizen, wat 'n baie suksesvolle dienstermyn gehad het tot aan die einde van

2015, met dramatiese ontwikkelinge veral aan die interne inrigting van die biblioteekgebou. Sy is op 1 Januarie 2016 opgevolg deur me Neli Kaunda, op wie se skouers die verantwoordelikheid sou val om die Biblioteek te lei in 'n nuwe era van die integrasie met die dienste van die biblioteke op die ander kampusse, binne die raamwerk van die Universiteit se nuwe bestuursmodel.

Uit die perspektief van 2017 is dit makliker om terug te kyk op die ontwikkelingsgeskiedenis van die Biblioteek tot aan die einde van die Lessing-era. Die laaste amper twee dekades is moeiliker om te beoordeel en te evalueer. Nogtans kan sekere tendense en hoof-aktiwiteitsareas uitgelig word.



Paul Buys



Tom Larney



Elsa Esterhuizen



Neli Kaunda

SAMEWERKING MET ANDER KAMPUSSE

Die eerste jare van die nuwe millennium het 'n drastiese herstrukturering van die hoër onderwystoneel in Suid-Afrika gesien. Op 1 Januarie 2004 het die Noordwes-Universiteit tot stand gekom as 'n samesmelting van die University of the North-West (voorheen die Universiteit van Bophuthatswana) in Mafikeng en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, asook die inkorporasie van die Sebokeng-kampus van VISTA Universiteit. Dit het geïmpliseer dat die Vaaldriehoekkampus, wat tot op daardie stadium 'n satellietkampus van Potchefstroom was, 'n volwaardige derde kampus van die NWU geword het, met dieselfde implikasie vir wat tot op daardie stadium 'n takbiblioteek van die Ferdinand Postma-Biblioteek was, tesame met die feit dat die voorraad en personeel van die Sebokeng-kampus se biblioteek ook geïntegreer moes word.

Selfs voor die formele samesmelting was daar reeds samewerking tussen die Ferdinand Postma-Biblioteek en die Biblioteek op Mafikeng. Dit was hierdie tradisie van kollegiale samewerking wat oor jare in biblioteekkringe bestaan het, wat die uiteindelijke samewerking tussen die verskillende kampusbiblioteke soveel makliker gemaak het as wat die geval was by ander departemente van die nuwe universiteit.

Oor die volgende dekade en 'n half was daar verskillende ontwikkelings in die samewerking met Mafikeng. (Indiegeval van die Vaaldriehoekkampus het die voorafgaande geskiedenis samewerking soveel makliker gemaak.) Reeds in 2007 is die Innopac-stelsel op Mafikeng (sowel as sy bediener)

saamgevoeg met dié in Potchefstroom, en is die tegniese onderhoud en ondersteuning hoofsaaklik uit Potchefstroom gedoen. Dieselfde integrasie en rasionalisasie het mettertyd ook versprei na aspekte soos die intekening op databasisse en ook elektroniese tydskrifte. 'n Verdere noodsaaklike en baie belangrike ontwikkeling was die skep van 'n enkele webblad met toegang tot die dienste en aanbiedinge van die verskillende kampusbiblioteke.

Op die vlak van bestuur en personeelvoorsiening was daar ook ontwikkelinge. Nadat daar pogings voor 2012 was om samewerking daar te stel onder die bestuur van die Adjunk-Visekanselier (Onderrig en Leer), is daar in 2014 'n Biblioteekforum onder leiding van daardie funksionaris tot stand gebring met die verskillende biblioteekdirekteure as lede. In 2015 het die NWU se Biblioteek- en Inligtingsdienste begin om 'n samewerkende strategiese plan vir 2016-2020 op te stel. Elke biblioteek het vooraf sy eie departementele ontleding gedoen, met 'n finale gesamentlike strategiese beplanningssessie in Oktober 2015 in Vanderbijlpark. Gedurende hierdie eerste en unieke geleentheid was senior personeel van al die kampusbiblioteke in staat om 'n doelwitstelling, sowel as gedeelde waardes en ses areas as gemeenskaplike strategiese prioriteite daar te stel. Die strategiese oogmerke is in 2016 belyn met die Universiteit se oorkoepelende strategiese plan, is effektief van 2017 af geïmplementeer, en dien tans as die grondliggende en rigtende beginsels vir die diensleweringsoormerke van die Biblioteek- en Inligtingsdiens (BID).

IMPLEMENTERING VAN DIE NUWE STRUKTUUR

Die nuwe BID-struktuur is op 1 Julie 2017 geïmplementeer. 'n Nuwe bestuur onder die leiding van dr Matthew Moyo as die Hoofdirekteur BID is aangestel. Daar is twee direkteure, nl. me Neli Kaunda as Direkteur Gedeelde BID-dienste en me Hendra Pretorius as Direkteur Kliëntedienste, twee senior bestuurders, nl. me Manare Tshenye as Senior Bestuurder Kampusbedryf: Mafikeng, en me Louise Vos as Senior Bestuurder Uitreik, Projekte en Kwaliteit. 'n Addisionele pos van



Senior Bestuurder Kampusbedryf: Potchefstroom is tans vakant.

Die BID-implementeringsplan het bestaan uit 'n aantal oogmerke met 'n impak veral op personeelvoorsiening oor die drie kampusse, en ook op personeelvoorsieningoordie drie kampusse, en ook op ruimtevoorsiening, infrastruktuurbeplanning, BID-operasies, begrotingsreëlins, asook beleide en prosedures en biblioteekstelsels. Die Senaatsbiblioteekkomitee is daargestel om die Biblioteekforum te vervang, met 'n nuwe verwysingsraamwerke 'n uitgebreide samestelling om toesig te hou oor BID-aangeleenthede met 'n impak op fakulteite, studente, navorsing en innovasie sowel as onderrig en leer. Strategiese prioriteite is duidelik gedefinieer en is in die proses om geïmplementeer te word.

ELEKTRONIESE BRONNE EN VOORRAAD

As 'n logiese uitvloeisel van die elektroniese ontwikkelinge en dienste wat reeds vermeld is, was daar, veral namate al meer bronne elektronies beskikbaar gekom het, 'n dramatiese styging in die gebruik daarvan. In 2008, om 'n enkele voorbeeld te noem, was daar reeds 1,8 miljoen soektogte op die elektroniese bronne van die biblioteek, 'n styging van 36% op dié van die vorige jaar. Namate al meer tydskrifte en reekspublikasies elektronies beskikbaar gekom het (onder andere deur byvoorbeeld SABINET se SAePublications, Swets Navigator, EBSCO Online, Elsevier se ScienceDirect en later ook

die meer argivale JSTOR) was dit van 2002 af moontlik om sistematies intekeninge op gedrukte tydskrifte te begin kanselleer. Waar die Biblioteek op net meer as 2000 gedrukte tydskrifte ingeteken was, kon dit op daardie stadium reeds toegang bied tot soveel as 15000 elektroniese tydskrifte.¹⁹ Hierdie ontwikkelinge was nie net beperk tot elektroniese tydskrifte nie: onvermydelik het al meer elektroniese boeke ook beskikbaar gekom. In 2012 het die Biblioteek toegang tot 4875 hiervan verskaf, in 2013 tot 7020, en in 2014 tot nie minder as 10778 nie, wat 'n volgehoue en dramatiese toename verteenwoordig het.²⁰

¹⁹ Een van die gevolge van die beskikbaarheid van nie net elektroniese tydskrifte nie, maar ook van 'n groter aantal indekserings- en ander databasisse via die internet, was dat die noodsaak vir die CD-ROM-formaat geleidelik minder geword het. In 2001 is die sogenaamde Toringkamer, waarin al die CD-ROM-aandrywers en toring gehuisves is en wat die trots van die Biblioteek was, gesluit.

²⁰ Dit was nie net CD-ROM's wat geval het nie; in 2008 het die Biblioteek vir die eerste keer in dekades nie meer 'n enkele bron op mikrofilm of mikrofiche tot die versameling toegevoeg nie.

NUWE DIENSTE EN INISIATIEWE

Die ontwikkeling van elektroniese hulpbronne, maar ook die vinnige veranderinge in die akademiese wêreld waarbinne die Biblioteek moes funksioneer en moes toesien dat sy dienste noodsaaklik en relevant bly, het verskeie nuwe wyses van dienslewering en ander inisiatiewe na vore gebring:

- Melding is reeds gemaak van die skep van 'n enkele webblad vir die drie kampusbiblioteke. Namate tegnologie in hierdie verband ontwikkel het, het die webaanbiedinge van die Biblioteek jaarliks en dikwels selfs op 'n maandelikse basis toegeneem. Dit was nie net noodsaaklik om te verseker dat al die elektroniese en ander fasiliteite van die Biblioteek effektief binne die Web-omgewing beskikbaar gestel word nie, maar die Biblioteek moes ook verseker dat sy bronne en dienste deursigtig beskikbaar is deur leerondersteuningstelsels soos eFundi. In 2010 is soveel as 72000 toegange tot die Biblioteek se webblaaie aangeteken. Hierdie ontwikkelinge was nie net beperk tot die Biblioteek se eie bronne nie, maar het ook stelsels ingesluit soos OCLC se WorldCatLocal (nou bekend as WorldCat Discovery Service) en EBSCO se Discovery Service (EDS), wat gelyktydige soektogte op verskillende databasisse en platforms moontlik gemaak het.
- Die opleiding nie net van biblioteekpersoneel nie, maar ook van biblioteekgebruikers om effektiewe gebruik van bronne en dienste te maak, was van vroeg af 'n prioriteit vir die biblioteek. Casper Lessing het in die negentigerjare veral die inisiatief geneem met die daarstelling van 'n kursus in inligtingsvaardighede wat later geïntegreer is met die Universiteit se leerplanne van eers RINL en later die uitgebreide AGLA-kursus vir akademiese geleterdheid. Afgesien hiervan

was die Biblioteek se Inligtingsdienste-afdeling altyd baie aktief met die aanbieding van ad hoc opleidingssessies oor 'n wyer verskeidenheid aspekte van inligtingsgebruik. In 2005, byvoorbeeld, is 'n totaal van 132 sulke sessies vir 1745 gebruikers aangebied. Later sou die gebruik van sosiale media in die ondersteuning van gebruikers ook belangrik word. Die opleiding van personeel het ook ernstige aandag nodig gehad. Omdat die Universiteit, as deel van sy rasionalisasieprogram, die akademiese opleiding in biblioteekkunde getermineer het, moes ander weë gevind word. Van 2007 af was daar beduidende ontwikkelings en vordering in samewerking met Mensehulpbronne en het baie personeel die geleentheid gehad om verder te studeer. Die samewerking met die afdeling vir Vaardigheidsontwikkeling lewer steeds positiewe resultate met die ontwikkeling en verbetering van personeel se vaardighede.

- Tot die mate dat meer klem gelê is, beide deur die Universiteit en in die biblioteekprofessie, op kwaliteitsmeting en standaarde van dienslewering, het dit ook 'n groter prioriteit vir die Biblioteek geword. In 2005 het die Ferdinand Postma-Biblioteek, saam met 'n paar ander groter universiteitsbiblioteke in Suid-Afrika, die eerstes in die land geword om gebruik te maak van die LIBQUAL-projek van die Association of Research Libraries in die VSA, waardeur verskillende gebruikersgroepe die geleentheid gekry het om alle aspekte van die Biblioteek se diens te evalueer. Hierdie terugvoer word op 'n gesofistikeerde wyse ontleed, en het konstant, ook met die herhaalde gebruik van die stelsel in 2015, neerslag gevind in baie positiewe terugvoer oor gebruikers se ervaring van die biblioteek. Die LIBQUAL-opname is in 2016 op die Potchefstroom- en Vaaldriehoekskampus herhaal, terwyl Mafikeng nie kon deelneem nie as gevolg



van verbeterings aan die biblioteekgebou. As 'n uitkoms van die opname is 'n aksieplan ontwikkel wat tans op 'n deurlopende basis geïmplementeer word. Sekere aspekte van die verbetering het begrotingsimplikasies waar daar tans op uitsluitel van die kampus- of die institusionele begrotingskomitee gewag word. Die implementeringsproses sal in 2018 voortgaan.

- Een van die belangrikste ontwikkelinge binne die digitale omgewing vir universiteite en hulle biblioteke wêreldwyd was die ontwikkeling van die konsep van institusionele pakhuis ('repositories'), veral in die eerste dekade van die millennium. In hierdie verband, en met die ontwikkeling van verskillende elektroniese platforms, het biblioteke die verantwoordelikheid op hulleself geneem om die 'akademiese produksie' van hulle instellings (in die vorm van akademiese tydskrifartikels, maar ook andersins) te versamel en aan die buitewêreld beskikbaar te stel. In die Ferdinand Postma-Biblioteek is daar in 2004 begin met die digitalisering van proefskrifte en verhandelings, wat 'n voorloper was van so 'n institusionele pakhuis. Dié elektroniese pakhuis, met die naam Boloka, is formeel in

2008 daargestel, en het onmiddellik gelei tot 'n beduidende internasionale blootstelling van die Universiteit se navorsingsaktiwiteite en –resultate. Volgens opnames wat deur die Webometrics-maatskappy gedoen is, het Boloka se posisie in Suid-Afrika en die wêreld vinnig verbeter.²¹

- Die Biblioteek was altyd bewus van die noodsaak om sy dienste behoorlik te bemark, en van die feit dat daar 'n behoorlike gefokusde benadering hiertoe moet wees. Sedert 2007 is 'n grafies aantreklike nuusbrieff genaamd Infoforum gereeld versprei om gebruikers op hoogte te hou van die Biblioteek en sy nuwe dienste. Die laaste van hierdie nuusbriewe het in 2015 verskyn en dit is daarna vervang met 'n blog.
- In 2006 is daar 'n begin gemaak met die ontwerp, produksie en verspreiding van 'n jaarlikse kalender in twee verskillende formate. Vroeër, en daarna by ten minste twee meer geleenthede, was die Biblioteek ook verantwoordelik vir die daarstelling van skermstukke met foto's van die Biblioteek, die kampus en die omgewing.



²¹ In dieselfde verband was die Biblioteek ook primêr instrumenteel in die Universiteit se ondertekening van die Berlynse Deklasie in 2014, waardeur instellings hulleself verbind het daartoe om hulle navorsingsuitsette vryelik op die internet beskikbaar te stel. Op hierdie wyse het die Universiteit deel geword van die sg. Open Access-beweging.

HERINRICHTING VAN BIBLIOTEEKRUIMTES

Die belangrike plek wat die Ferdinand Postma-Biblioteek altyd op die kampus ingeneem het, beide as 'n gebou en as 'n diens, kan nie ontken word nie. Die feit dat in 2008 meer as 'n miljoen besoeke aan die Biblioteek gerapporteer is, sê op sigself iets van die sentrale belang daarvan op die kampus. Daar is vroeër melding gemaak van die aanvanklike moderne en modulêre ontwerp van die gebou. Oor die jare het dit egter as gevolg van moderne ontwikkelinge en uitbreidende behoeftes nodig geword om ingrypende veranderinge aan die gebou aan te bring. Interessant genoeg was dit juis die modulêre ontwerp van die gebou wat hierdie veranderinge makliker en baie meer sinvol gemaak het.

Een van die eerste ingrypende veranderinge, en een wat nie deur die behoeftes van die biblioteekdiens alleen genoodsaak is nie, was die verplasing van die Universiteitsargief na die oostelike vleuel van die biblioteekgebou en die herinrigting van die leessaal op die grondvloer as die Universiteit se kunsgalery, twee ontwikkelinge wat op 'n manier die Universiteit se kulturele en inligtingsbesit in een gebou gekonsentreer het. Met die sluiting van die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde in die negentigerjare het 'n groot deel van die oostelike vleuel van die biblioteekgebou beskikbaar gekom, en het die Universiteit oorweeg om dit vir 'n administratiewe departement soos die Eksamenafdeling te gebruik. Die destydse Direkteur Biblioteekdienste het die inisiatief geneem met 'n versoek aan die

Universiteitsbestuur om dit eerder vir die Argief te gebruik, 'n verandering wat ook die gebruik van 'n deel van die kelder genoodsaak het. Op dieselfde wyse het die leessaal op die grondvloer as gevolg van ander ontwikkelinge betreklik geïsoleer geraak van die res van die gebou, en het dit 'n natuurlike tuiste vir die kunsgalery gebied.

Die gebruik van die Biblioteek se eie interne ruimtes het uiteindelik ook veranderinge genoodsaak. In 2000 is 'n begin gemaak met 'n aantal opleidingsruimtes, onder andere deur die herinrigting van die koerantleeskamer as die Besembos Opleidingslokaal. Daar was egter ook aanduidings van gebruikersbehoefte aan kleiner opleidings- en vergaderlokale, en in 2008 is vyf sulke lokale geskep (met die verwydering van die toilette op die trapportale het dit ook ander positiewe gevolge gehad), met 'n addisionele 2500 gebruikersessies wat vir daardie jaar gerapporteer is.

Twee laaste ontwikkelinge in die Larney-era, en wat die dramatiese ontwikkelinge van die Esterhuizen-era geantisipeer het, was die herinrigting van die Tydskrifleessaal (met 'n groot aantal addisionele groepslokale, aantreklike meublement, en meer gebruikerstoegang tot rekenaar-punte), en die opening, in 2011, van die Biblioteek se eie koffiehuis, Ferdi's, wat met reg 'n eerste in Suid-Afrika genoem kan word.

Van die mees dramatiese veranderinge, wat in 'n sin die Ferdinand Postma-Biblioteek op 'n visuele vlak die 21ste eeu ingeneem het, het van 2012 tot 2015 plaasgevind. Nadat die voorbereiding daarvan in 2011 begin het, het 'n visuele argitek van Kaapstad wat gekontrakteeer is, in 2012 'n totale herbeplanning van ruimtegebruik in die Biblioteek gedoen en planne daarvoor opgetrek. Dit is geïnspireer, maar tewens ook genoodsaak deur die wêreldwye ontwikkeling van biblioteekruimtes en die hergebruik van spesifieke ruimtes (meesal genoem 'inligtingsmeente'), waarin voorsiening gemaak is vir die veranderende patroon in inligtingsgebruik by beide na- en



voorgaadse studente, met 'n groter behoefte vir die individuele gebruik van rekenaarwerkstasies en vir groepsamewerking in veilige en aantreklike ruimtes wat daarvoor bestem is.

In die Ferdinand Postma-Biblioteek het dit, danksy 'n skenking van R300000 wat van PPS (die Professional Provident Society) ontvang is, die skep van 'n moderne en aantreklike navorsings- en honneursmeent vir persoonlike rekenaars op die derde vloer behels, wat te midde van groot waardering in Maart 2014 geopen is.



Dit is gevolg, danksy 'n verdere skenking van R250000 deur PPS in 2014, deur die daarstelling op die grondvloer van 'n voorgaadse inligtingsmeent met 90 addisionele werkstasies, 'n opleidingsvertrek met 42 werkstasies, en 'n lesinglokaal vir 70 persone, wat alles op 22 Junie 2015 geopen is.



Hierdie herinrigting, saam met die voorafgaande veranderings, het 'n grootskaalse verwydering van ouer en minder-gebruikte boeke en ander materiaal na die kelder genoodsaak. Maar met hierdie verandering het die Biblioteek, wat reeds die trots van die Universiteit was, ook die vordering van die Universiteit in 'n nuwe era verteenwoordig met sy moderne herinrigting en visuele aantreklikheid.

KONKLUSIE

Hierdie publikasie poog om geskiedenis te dokumenteer en insig in die toekoms te gee. As die geskiedenis van die Ferdinand Postma-Biblioteek oor die afgelope sewentig jaar (eintlik veel langer) in oënskou geneem word, is daar drie tendense wat telkens na vore kom:

- Die handhawing van hoë standaarde en die opleiding om daaraan gevolg te gee.
- Samewerking tussen biblioteke en met ander instellings op optimale dienslewering te verseker.
- 'n Bereidheid om deurlopend aan te pas en te moderniseer, sy dit in die verkryging van inligtingsbronne of in die gebruik van fisiese fasiliteite.

Dit was hierdie benaderings wat die Ferdinand Postma-Biblioteek oor dekades in staat gestel het omtenspyte van baie beperkinge, 'n gerespekteerde rol in die Universiteit se akademiese ontwikkeling te speel. Dit is hierdie selfde benadering wat steeds die Biblioteek, onder nuwe bestuur en ingrypend nuwe omstandighede, in staat sal stel om 'n leiersrol beide binne die Universiteit en in 'n baie wyer konteks te speel.



Gegewe baie nuwe ontwikkelinge en neigings wat vinnig na vore kom, poog hierdie werk om die geskiedenis van die Ferdinand Postma-Biblioteek op die Potchefstroom-kampus van die NWU vir databewarings- en navorsingsdoeleindes te bewaar. Dit dien as 'n vinnige verwysingsmiddel oor spesifieke tipes navrae wat die biblioteek ontvang – meesal uit die internasionale gemeenskap. Dit gee verder 'n holistiese blik op die verlede en op die poorte na die toekoms. Maar by uitstek gaan dit oor die bewaring van kennis vir 'n nuwe geslag om die bydraes van bestuur en personeel wat die universiteit met groot toewyding en passie gedien het, te ken en te waardeer.

Sekere name staan uit: Prof Henri van Rooy, prof Casper Lessing, dr Tom Larney en me Elsa Esterhuizen, en daarna die senior biblioteekbestuur wat op 1 Julie 2017 tot stand gekom het – Dr Mathew Moyo, Neli Kaunda, Hendra Pretorius, Louise Vos en Manare Tsenye. Alhoewel die biblioteek 'n ernstige terugslag beleef het met die brand van 1949, het dit nie die entoesiasme gedemp om voort te gaan met nuwe en gevorderde ontwikkelinge in alle fasette van biblioteekdienste en –infrastruktuur en in ooreenstemming met gebruikersbehoefte nie. In November 1952 is 'n nuwe gebou amptelik geopen, p. 6 - 8. Biblioteekbronne het sedert 1929 gegroei tot moderne tegnologie wat paslik is vir nuwe tendense. Toegang tot beperkte bronne en inligting is deur konsortia soos GAELIC gekanaliseer ten einde bronne met ander akademiese instellings te deel. LIASA is die nasionale koördinerende liggaam in verband met professionele biblioteeksake. Intensiewe skakeling met alle belanghebbendes het gelei tot die ontwikkeling en implementering van geïntegreerde biblioteekhulpbronne vir alle gebruikerskategorieë in die vorm van:

- Die biblioteekwebwerf met sy eie domeinnaam: <http://library.nwu.ac.za> wat ook volledig aanpasbaar is vir mobiele toepassings. Besoeke aan dié webblaaie het teen die einde van 2016 met 51% toegeneem in vergelyking met 2015.

- Die institusionele bewaarplek, Boloka, wat 'n digitale argief is wat navorsingsmateriaal wat deur personeel van die NWU geskep is, versamel, bewaar en versprei, is in 2009 tot stand gebring. Die doel daarvan is om die sigbaarheid, beskikbaarheid en impak van die navorsingsuitsette van die Noordwes-Universiteit te verhoog deur Oop Toegang, soekenjinindeksing en herwinning deur verskillende inisiatiewe. 'n Nuwe webblad vir Boloka is gedurende Junie 2016 ontwikkel en van stapel gestuur. Na die NWU se herstrukturering in 2017/2018 is die versamelings van elektroniese proefskrifte en verhandelings en ander navorsingsuitsette ook geherstruktoreer in ooreenstemming met die nuwe NWU-fakulteitstruktuur <https://repository.nwu.ac.za/>. Die tabel hieronder toon die snelle uitbreiding oor die afgelope drie jaar van die items wat op Boloka gehuisves word:

2015	2016	2017
15, 535	18, 407	23, 298

- Die biblioteek handhaaf 'n teenwoordigheid op sosiale media –platforms soos Facebook en Twitter, en het sedert 2015 sy eie blog. <http://library.nwu.ac.za/social-media> Dié blog bevorder kommunikasie tussen personeel op die drie kampusse en versterk skakeling oor biblioteeksake met gebruikers.
- Gedrukte en eBronne-statistiek tot op datum

Totale aantal boeke	488, 612
Totale aantal boekbande	650,221
Totale aantal gedrukte tydskrifte	4, 629
Totale aantal toegang tot e-Boeke en e-Tydskrifte	337,570
Databasisse	126
e-Tydskrifpakkette	13
e-Naslaanwerke	43
Oop Toegang -pakkette	30
e-Boek pakkette	109

Hierdie millennium word gekenmerk deur gebruikers se voorkeur vir e-bronne eerder as gedrukte bronne. Die bestuur het op hierdie behoefte gereageer deur duplisering te verminder en ooreenkomstig te begroot om die gebruik van e-bronne oor die drie kampusse te verhoog, weliswaar met sentrale administratiewe bestuur wat effektiwiteit en optimale afkampus-toegang verseker.

Die aanstelling van personeel oor die afgelope drie dekades was beperk. Aanvanklik is dosente as erebibliotekaris aangestel, p. 2. Tans kan die Ferdinand Postma Biblioteek spog met volledig gekwalifiseerde bibliotekaris wat in spesifieke vakgebiede spesialiseer ooreenkomstig die universiteit se fakulteitstruktuur oor drie kampusse heen. Daar is 'n duidelike skeiding van pligte in die finansiële goedkeuringstelsel om addisionele biblioteekmateriaal te verkry om aan te pas by akademiese kurrikulumbehoeftes en aan te pas by internasionale tendense. Die herlewing van die opleidingsprogram in biblioteek- en inligtingsdienste sal voldoen aan die behoefte om bibliotekaris deurlopend op te lei om relevant te bly in die dienste aan gebruikers. Dié program sal in die Fakulteit Geesteswetenskappe gehuisves word, met die BID as 'n belangrike belanghebbende en sal in 2020/2021 geïmplementeer word. Verdere ontwikkelinge word verwag, wat van die biblioteek die hoeksteen van diverse, omvattende en geïntegreerde akademiese programme sal maak.

Neli Kaunda

Direkteur: Gedeelde BID-dienste

'n Mens kry 'n goeie idee hoe ver terug die geskiedenis van die biblioteek strek. Die werk dui duidelik aan watter geweldige vordering gemaak is nie net in die samesmelting om 'n universiteit van eenheid te dien nie, maar ook om proaktief voorsiening te maak in 'n veranderende landskap van inligting en tegnologie ten einde gebruikers optimaal te bedien.

Elsa Esterhuizen

Voormalige Direkteur: Biblioteekdienste, Potchefstroomkampus



<http://www.nwu.ac.za/af>

<http://library.nwu.ac.za/af>